Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 12 OKTOBER 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan lede van die pers.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 SEPTEMBER 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 September 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 5 OKTOBER 2016

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 5 OKTOBER 2016

5.1.1 MUNISPALE BESTUURS- EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 21 SEPTEMBER 2016

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE- RISIKO- EN FINANSIËLE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 MEI 2016 (11/1/3/1/7)

Die Munisipale Prestasie-, Risiko-, en Finansiële Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, no. 56 van 2003 (MFMA).

In terme van bogenoemde mandaat maak die Komitee hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging en besluitneming.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee se vergadering van 24 Mei 2016.

7.2 STATS SA GEMEENSKAPSOPNAME 2016 (7/3/1)

Die doel van die Gemeenskapsopname is om bevolking- en huishoudingstatistieke op munisipale vlak aan die regering en privaatsektor te voorsien vir beplannings-doeleindes. Anders as 'n sensus is nie elke huishouding besoek nie, maar slegs die wat aan die ewekansige steekproef deelgeneem het.

Die Snr Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie, behandel die verslag en bevestig dat die bevolkingsyfer ingevolge die Gemeenskapsopname as amptelike syfer sal dien vir verslagdoening oor die volgende vyf jaar. Enkele interessante statistieke word deur mnr Fourie uitgewys wat belangrik is vir beplanningsdoeleindes.

Die voorsitter/...

7.2/...

Die voorsitter meld dat dit duidelik is uit die statistiek dat die Sensus 2011 se statistieke reeds baie verouderd is. Daar is egter enkele vraagtekens by sommige van die statistieke in die Gemeenskapsopname, spesifiek ten opsigte van die beskikbaarheid van basiese dienste. Dit sal dus noodsaaklik wees om 'n meer volledige opname te maak, sou meer akkurate statistieke bekom wil word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die resultate van die STATS SA Gemeenskapsopname 2016.

7.3 VERHUUR VAN KANTOORAKKOMMODASIE TE THUSONGSENTRUM (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die Thusongsentrum te Ilinge Lethu, Malmesbury aan die *South African Social Security Agency* (SASSA). Lg. het aansoek gedoen om die huurtermyn met 'n verdere drie jaar te verleng.

BESLUIT

(a) Dat 'n gedeelte van die Thusongsentrum, Malmesbury (groot 110 m²) uit-die-hand verhuur word aan SASSA vir 'n verdere termyn van drie jaar met ingang van 1 Augustus 2016 vir dienslewering aan die betrokke gemeenskap;

(b) Dat die tarief van R5 571,50 per maand plus 14% BTW, met 'n jaarlikse eskalasie van 8%, goedgekeur word;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag sal bly.

7.4 HUUROOREENKOMS: SA POSKANTOOR (12/1/3/1-11/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van erf 7516, geleë te Jakarandastraat, Malmesbury aan die SA Poskantoor. Die poskantoordiens word vanuit 'n mobiele gebou gelewer.

Die huurtermyn het op 31 Julie 2016 verstryk en het die SA Poskantoor aansoek gedoen om die huurtermyn met 'n verdere drie jaar te verleng.

BESLUIT

(a) Dat 'n gedeelte (groot ±250 m²) van erf 7516, Malmesbury aan die SA Poskantoor vir 'n verdere termyn van drie jaar met ingang van 1 Augustus 2016 verhuur word vir die lewering van 'n poskantoordiens aan die omliggende gemeenskappe;

(b) Dat die huurgeld van R100,00 plus BTW wat tans betaalbaar is en reeds 'n aansienlike afslag behels, onveranderd bly;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag sal bly.

7.5 UITSTAANDE DEBITEURE – SEPTEMBER 2016 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste wys daarop dat die skuld posisie van die Munisipaliteit verander het omrede jaargelde betaalbaar is teen einde Oktober, asook as gevolg van die implementering van die algemene waardasie met ingang van 1 Julie 2016, maar nog nie buiteverhouding is nie.

BESLUIT

Dat kennis/...

7.5/...

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van September 2016.

7.6 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter noem, met verwysing na die gesprek van die Direkteur: Finansiële Dienste met die versekeraars later die dag, dat klem daarop gelê moet word dat versekeringseise onverwyld uitbetaal moet word. Sodoende sal verseker word dat die Munisipaliteit herstelwerk/vervanging so spoedig moontlik kan doen om toe te sien dat dienslewering nie belemmer word deur onafgehandelde versekeringseise nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.7 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: ONTWERP EN INSTALLEER VAN MOSAÏK KUNSWERK BY ABBOTSDALE BIBLIOTEEK (17/8/2-11)

Die nuwe biblioteek wat in Abbotsdale in aanbou is, is bykans voltooi en is daar op 'n projek besluit om die gemeenskap eienaarskap van die projek te laat neem.

Die projek behels dat 'n kunstenaar 3 tot 4 werkswinkels by 'n plaaslike skool gaan aanbied waar die leerders kunswerke met mosaïekteels sal skep. Van die leerders se afbeeldings sal dan vergroot word om by die ontwerp van 'n muurskildery ingesluit te word. Die skildery sal dan deur middel van mosaïekteels op die vooraansig van die gebou, sowel as aan die voorkant van die toonbank aangebring word. Die totale ontwerp is 20 m² groot.

Die komitee is dit eens dat dit 'n unieke projek is weens die gemeenskap se betrokkenheid.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die ontwerp, vervaardiging en opsit van mosaïekwerk te Abbotsdale biblioteek, en wel, aangesien die projek die skep van ’n spesiale kunswerk behels, waarvoor spesifikasies nie opgestel kan word nie;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat daar van die verkrygingsprosesse afgewyk word vir die ontwerp, vervaardiging en opsit van mosaïekwerk muurpanele te Abbotsdale biblioteek vir die bedrag van R88 840,00 (BTW ingesluit);

(c) Dat kennis geneem word dat dit ’n kapitale uitgawe is waarvoor daar in die projek voorsiening gemaak is;

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bogemelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.8 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2016 TOT 30 SEPTEMBER 2016 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management-Regulasies* bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

Die verslag bevat die MFMA Omsendbrief no. 81 met inligting aangaande die implementering van die *Web Based Central Supplier Database* (CSD) wat dien as 'n sentrale databasis van diensverskaffers. Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat Swartland Munisipaliteit reeds met ingang van 1 Julie 2016 die sentrale databasis gebruik.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsieningskanaalbeleid se implementering wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C).

(b) Dat MFMA Omsendskrywe Nr. 81 "Web Based Central Supplier Database (CSD)" deur die Raad aangeneem word vir implementering met ingang van 1 Julie 2016.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER